

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 1, No 1 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte.



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Op soek na Ware Christenskap

Ek wil graag die hoofdryfveer, die uiteindelijke **doelwit** van die godsdiensteringe soos in die *Wêreld van Môre*-tydskrif vervat word, met al ons lesers deel. Diegene van ons wat betrokke is by hierdie Werk, is sonder twyfel “anders”. *Hoe* en *waarom* is ons anders?

Laat ek vir u 'n stukkie agtergrond skets, sodat u dinge in perspektief kan sien. Ek het in die suidweste van Missouri in Amerika grootgeword en was vir 19 jaar lank lidmaat van 'n baie gesiene “algemene” kerk. My ouers het hul opleiding ontvang aan 'n kollege wat deur hierdie groot kerkorganisasie geborg word. Ek self was vir een of twee jare klaskaptein van my Sondagskoolklas. Ek het aan die Joplin Hoërskool gematrikuleer en was medekaptein van die atletiekspan en vir drie agtereenvolgende jare die skool se top eenmyl atleet. Ek het kleure in voetbal verwerf en was twee keer die *Golden Glove*-bokskampioen. Ek het by die Reserwe Offisier Opleidingskorps (ROTC) aangesluit en die rang van Eerste Luitenant verwerf. Later het ek die Joplin Junior Kollege bygewoon en is verkies as president van die Junior Kollege Noenmaal-klub, 'n organisasie wat hul beywer het vir die bespreking van burgerlike aangeleenthede en wêreldgebeure.

Ek was verseker 'n “alledaagse” outjie, deel van

die algemene Amerikaanse gemeenskap.

Vroeg in my hoërskoolloopbaan het een van my beste vriende egter in 'n stoeiwedstryd gesterf. Ons het as jong seuns oorkant mekaar gewoon en het soos twee jong beertjies talle ure omgestoei, al rollende in die lang Bermudagras. Toe ek hoor dat Jimmy sy nek gebreek het in 'n “stoeivertoning” in Pittsburgh, Kansas, was ek gebroke.

Waarom het God toegelaat dat Jimmy sterf? Waar was hy nou *regtig*? In die hemel of in die hel of *waar*?

Hierdie tragedie het my genoop om na die *werklikheid* van God te kyk en na ware antwoorde te soek. Ek het verskeie kerke en “herlewingsdienste” begin bywoon. Ek het talle verskillende boeke en kommentare oor godsdienste gelees en oor die radio begin luister na verskeie predikers (daar was nog geen televisie nie). Ek het gedurende my eerste jaar aan die kollege 'n filosofiekursus gevolg en tot die gevolgtrekking gekom dat die meeste filosowe mekaar nie alleenlik weerspreek nie, maar dat hulle idees werklik leeg, onprakties en op *niks* anders as menslike verbeelding gebaseer is nie.

Uiteindelik kon ek tot my persoonlike tevredenheid bewys dat 'n man genaamd Herbert W. Armstrong die *enigste* een was wat *gepreek* het

wat eintlik in die Bybel staan. Mnr. Armstrong het sy luisteraars voortdurend na die Bybel verwys en het sy skriftuurverwysings direk uit die Bybel aangehaal. Eerder as om gedurig te sê "Die Bybel sê sus of so!", met geen bewyse (soos sommige vooraanstaande predikers gedoen het), het mnr. Armstrong sy luisteraars aangemoedig om *teksverse op te soek* en uit hul eie Bybels te bewys wat hy sê!

Nog later, nadat ek die Ambassador Kollege in Pasadena, Kalifornië, bygewoon het, het ek begin agterkom dat die ware "sleutel" tot Christenskap daarin gelê het of ons werklik glo en toepas wat Jesus Christus en die oor-spronklike apostels geglo en gedoen het, aldan nie. Wat het *hulle* gesê oor hemel of hel toe gaan? Wat het *hulle* gesê van die ware *doel* van die lewe? Watter weeklikse en jaarlikse dae van aanbidding het *hulle* onderhou? Het daardie dae 'n spesiale *betekenis*? Wat sê *hulle* eintlik van die "einde van die wêreld", Christus se Weder-koms en die doen en late van die ware heiliges na Christus se koms? Wat presies sal ons "beloning" wees?

Dit alles het ek in my gedagtes onder die hofie "Christenskap van die Apostels" geplaas.

Liewe leser, daardie einste Christenskap van die apostels is die hoofdryfveer agter hierdie Werk, soverre dit die *gods-diens-doelwit* betref. Ons wil natuurlik ook ons lesers inlig

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Op soek na Ware Christenskap

Dr Roderick C. Meredith vertel wat ware Christenskap behels.

Hoofartikel.....5

Maak gereed vir Christus se koms

Predikante verkondig reeds eeue lank: "Jesus Christus mag dalk vannag terugkom!" Tallose mense is teleurgesteld en selfs afgesit deur sodanige datumstelling en die uiterse emosionalisme wat dit gereeld aanmoedig. Wat leer die Bybel werklik omtrent Christus se koms? En wat staan u te doen?

Die Midde-Ooste in profesie...10

Die Midde-Ooste het sedert die vroegste tye 'n geskiedenis van oorloë en u Bybel onthul dat daar selfs meer streeksoorloë in die Midde-Ooste sal plaasvind, wat sal lei tot dit wat algemeen bekend staan as "Armageddon"! Jerusalem sal in komende jare 'n brandpunt van konflik wees.

Die gelykenis van die Tien Maagde.....15

Hierdie gelykenis is vir baie mense 'n mooi Bybelstorie van lampe, olie en huweliksvoorbereidings. Tog is hierdie gelykenis gekoppel aan profesieë van die laaste dae wat nou tot vervulling kom!

Sewe lesse uit Job20

Wanneer ons 'n persoonlike tragedie beleef of vir gehoorsaamheid vervolgd word, weet God daarvan. Dit is 'n noodsaaklike teenvoeter vir gevoelens van isolasie en eensaamheid.

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streeksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 503077

San Diego, CA 92150-3077

Tel: (858) 673-7470

Faks: (858) 673-0310

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

oor **eindtydse** profetiese gebeure en die ware *betekenis* agter vandag se nuusgebeure.

Ons hoop dat elkeen van u op hierdie kosbare kennis sal reageer, sodat u en u geliefdes van die Groot Verdrukking gespaar mag bly. Dit is 'n absolute *groot uitwissing* wat nie net die Joodse volk sal tref nie, maar ook met besondere wreedheid die Amerikaanse en Britse afstammelinge, wat die Suid Afrikaners insluit.

Maar bowenal hoop en bid ons dat God u verstand sal open om die voortreflike *doel* wat Hy hier op aarde uitwerk, te verstaan en dat u die *ware* Christengeloof en “lewenswyse” sal begryp wat u sal help om God se groot doel vir die mens te vervul. Dit is daardie *egte* Christengeloof en lewenswyse waarvan die algemene “Christendom” wegsgram. Die hoogs gerespek-teerde Christen-skrywer Jesse Lyman Hurlbut erken openlik dat die Christenskap van Jesus en die apostels “baie anders” was in vergelyking met die heden-daagse “Christendom”:

“Ons noem die laaste geslag van die eerste eeu vanaf 68 tot 100 n.C. die “Eeu van Skadus”, deels omdat die somberheid van vervolging oor die kerk was; maar meer spesifiek omdat van al die tydperke in die ge-skiedenis, hierdie dié een is waarvan ons die minste weet. Ons het nie meer die duidelike lig van die boek Handelingte as ons gids nie en geen skrywer van daardie era het daardie leemte in die geskiedenis gevul nie. Ons sou graag die latere werk deur helpers van Paulus soos Timotheus, Apollos en Titus wou lees, maar hierdie en al Paulus se ander vriende is ná sy dood uit die geskiedenis anale gelaat. Vir vyftig jaar na die dood van Paulus hang daar 'n gordyn oor die kerk, waardeur ons tevergeefs probeer loer, en wanneer dit uiteindelik in rondom 120 n.C. met die skrywes van die vroeë kerkvaders gelig word, **vind ons 'n kerk wat in talle opsigte baie anders is as in die dae van Petrus en Paulus**”

(*The Story of the Christian Church*, bl. 41).

'n Noodsaaklike stap vir begrip in die raaisel van hierdie hedendaagse “Christendom” wat in direkte teenstelling met die leringe en optrede van Christus en die oorspronklike apostels staan, is om die lewenswyse van die *oor-spronklike* en

ware Moeder-kerk, die Kerk van God in Jerusalem, te **bestudeer**.

Paulus skryf aan die oorwegend nie-Joodse gelowiges in Thessalonika: “Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa,” (1 Thessalonicense 2:14).

Amper alle historici erken dat die vroegste Hoofkwartier Kerk in *Jerusalem* was en dat *hulle* die voorbeeld gestel het vir die leringe en lewenswyse wat in die Christenskap van die apostels beoefen is.

'n Gerespekteerde en deeglik nagevorste wêreldse geskiedenis van hierdie tydperk is Edward Gibbon se grootse werk *Decline and Fall of the Roman Empire*. Waar hy skryf van die apostoliese en post-apostoliese eras, verklaar Gibbon: “Die eerste vyftien biskoppe van Jerusalem was almal besnede Jode; en die gemeente waaroor hulle was het die Wet van Moses met die leerstellings van Christus vereenselwig. Dit was natuurlik dat die oorspronklike tradisie van 'n kerk wat slegs veertig dae na die dood van Christus gestig is, en vir byna dieselfde aantal jare onder die onmiddellike toesig van Sy apostel was, as die standaard vir ortodoksheid beskou word. Die afgeleë kerke het hulle baie dikwels tot die gesag van hul eerwaardige Moederkerk gewend” (hfst. 15, afd. 1).

Ek moet hier uitwys dat “die wet” wat die vroeë Christene onderhou het, **nie** die hele Wet van Moses was nie. Dit is 'n foutiewe idee wat deur misleide middeleeuse teoloë aan kerkhistorici afgesmeer is. Wat die ware Christene *wel* onderhou het, was die Tien Gebooie, tesame met God se insettinge wat almal in die gees nou nog meer uitgebrei is as wat in die Ou Testament die geval was. Christene het nie geglo dat daar van hulle vereis word om met die seremoniële aspekte van die Wet van Moses vol te hou nie, ook nie in die fisiese toepassing van die siviele wet wat God aan Israel gegee het nie. Maar omdat hierdie vroeë Christene steeds die Bybelse Sabbatdag, God se jaarlikse Feeste, tiendeheffing en sekere dieët-kundige voor-behoude onderhou het (vergelyk Levitikus 11), hou baie historici

verkeerdlik vol dat hulle die “Wet van Moses” nagevolg het, en probeer sodoende God se gebooië en insettinge met diereoffers en ritualistiese wassing saamgooi. Dit is absoluut **verkeerd** en *misleidend!*

Die *waarheid* is dat daar nog altyd 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32) van gelowiges was wat die leringe en gebruike van Christus en die apostels gevolg het. Hulle is egter sedert die tyd van die apostels verjaag en vervolgd en grootliks misken deur die wêreld in die algemeen. Toe die vroeë afvalliges die bestaande kerkstrukture en die *naam* “Christen” oorgeneem het, is Johannes, die enigste oorblywende van die oorspronklike apostels, ge-inspireer om oor een van die afvallige leiers te skryf: “Ek het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrefes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie. Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met slegte woorde teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en werp hulle uit die gemeente” (3 Johannes 9-10).

So is die *ware* aanbidders dus uit die plaaslike gemeentes “gewerp” en selfs Johannes, Jesus se geliefde vriend onder die apostels, was nie seker of hy sou kon kom om die situasie reg te stel nie!

Soos Jesus geprofeteer het, (Mattheus 24:5) het daar *baie* valse leraars gekom wat Sy naam gebruik het. Hulle praat van “liefde”, maar hulle hou 'n *valse* Christus en *valse* boodskap oor Sy *persoon* voor, eerder as om getrou die boodskap van die komende Koninkryk van God, wat die Vader deur Hom gestuur het, te verkondig. Wat is die gevolg?

Mense is vandag verwar oor die ware godsdiens van Jesus Christus. Diegene wat Christen-skap bely, is verdeel in honderde kompeterende sektes en denominasies. Baie min mense verstaan die oorspronklike vorm van Christenskap wat Christus en Sy apostels onderrig en geleef het! Die “Christenwêreld” is op dryfsand gebou, waarvan die morele stelsel *magteloos* is sonder die sekere fondasie van God se Wet. Wêreldse magte skryf toenemend die

gedrag-standaarde voor, iets wat voorheen die prerogatief van godsdiensleiers was.

Ons sien die spektakel van seksuele verdorwenes wat toenemend meer poste in die regering, onderwys en selfs in algemene kerke oorneem! Ons sien die verskriklike statistieke van *miljoene* ongebore babas waarvan die skedels verbrysel word en uit hul moederskoot gesuig word! Ons sien 'n samelewing wat besig is om uit te rafel. Ons is 'n samelewing wat binnekort direk deur die Grote God Wie lewe aan almal gee, *gestraf* sal word.

Waarom? Omdat ons volke mislei is om in 'n “ander Jesus” te glo omdat ons mense werklik kontak verloor het met die ware **God** en Sy onthulde lewenswyse.

Jesus sê: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê:

Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!

(Mattheus 7:21-23).

Ongeregtheid?

Ja! Die godsdiens wat die naam “Christenskap” aan-geneem het, het ook baie heidense konsepte en gebruike van die Babiloniese Verborgenheidsgodsdiens aangeneem in direkte verbreking van God se wet! In 2 Thessalonicense 2:7 verwys die apostel Paulus daarna as die “verborgenheid van die ongeregtheid” (Om meer te wete te kom oor hierdie “verborgenheid van die ongeregtheid”, skryf gerus vir ons gratis boekie *Wie of Wat is die Antichris?*). Hierdie valse aanbiddingstelsel is *in die plek* van die eenvoudige lewenswyse wat Jesus en Sy apostels onderrig het, ingestel. Daardie *lewenswyse* is op gehoorsaamheid aan die Tien Gebooië gebaseer. Tog is dit byna vertrap ten gunste van rituele, seremonies en 'n leë geloof in 'n valse Christus-*persoon*, terwyl God se geïnspireerde **boodskap** terselfdertyd verwerp word!

Ons wat betrokke is by hierdie Werk van die

lewende God onderrig en beoefen *dieselfde* basiese lewenswyse wat deur Christus en sy apostels onderrig is, na die beste van ons vermoëns en met God se hulp. Een van ons basiese leuses is: “Hervestig die Christenskap van die Apostels!”

Indien u meer te wete wil kom oor hierdie hervestiging van die “oorspronklike” Christenskap en wat dit alles behels, skakel of skryf gerus aan ons streeks-adres naaste aan u soos gelys op

bladsy 2 van hierdie tydskrif vir u gratis kopie van ons merkwaardige, ten volle gedokumenteerde boekie, *Hervestig die Christenskap van die Apostels*. Indien u hierdie insiggewende boekie nie slegs lees nie, maar met 'n ontvanklike gemoed en sonder vooroordeel *bestudeer*, sal u waarlik *verstaan*.



Maak gereed vir Christus se Koms

Deur Roderick C. Meredith

Jesus Christus kan **vannag** terugkom!” bulder die opgewerkte evangelis tydens sy tentbyeenkoms. “Jy beter **nou** jou hart vir die Here gee, terwyl Hy jou roep. Jy sal nooit weer so 'n kans kry nie!”

Die meeste van ons het seker al predikante so hoor praat. In die *World Magazine* van 29 April 1999 skryf outeur Andree Seu: “Ek ken 'n pastoor wat graag sê: 'Jesus kom vandag terug,' want, so verduidelik hy, watter dag Hy ookal kom, sal dit 'vandag' wees.”

Ja, al is baie mense afgesit deur die uiterste emosionalisme en datumstellings, sê u Bybel tog dat Jesus Christus **binnekort** sal terugkeer! Hy gaan hierdie wêreld met 'n “ysterstaf” **regeer**. Hy sal 'n letterlike **regering** op hierdie aarde instel met die *Hoofkwartier in Jerusalem!* Glo u dit?

Ek hoop so, want dit is wat u Bybel duidelik sê. Hoe moet *u* egter persoonlik *gereeDMAAK* vir Christus se wederkoms? Wat moet u doen? Wat moet u leer? Welke *verandering*s moet u in u lewe maak? Hierdie is fundamentele vrae wat alle ware Christene moet vra. Wat is die ware **antwoorde**? Eerstens moet ons, ons oriënteer: ons **is** definitief in die geprofeteerde “laaste dae” van die samelewing soos ons dit ken. In Mattheus 24:3 vra Jesus se dissipels Hom: “wat is die **teken** van u koms en van die **voleinding van die wêreld**?”

'n REEKS gebeure

Jesus antwoord deur 'n *hele* reeks gebeure op te noem waarvoor uitgekyk moet word, naamlik valse profete, verskeie oorloë wat tot wêreldoorloë lei, hongersnood, siekte-epidemies, aardbewings, die “gruwel van die verwoesting” in die heiligdom en dan 'n waarlike **Groot Verdrukking**, erger as enigiets wat die wêreld nog ooit aanskou het. Dit alles kan aanleiding gee tot die *uitwissing van die mensdom*, mits God nie bo-natuurlik intree om dit te beëindig nie (verse 21-22). Baie van hierdie gebeure is sekerlik al aan die gang. Let ook op hierdie lewensbelangrike feit: tot en met die afgelope paar dekades was dit nog *nooit* vir die mensdom moontlik om homself totaal uit te wis nie, maar met die uitvinding van die atoom-bom, die waterstofbom en nou biologiese en biochemiese wapens, kan die mensdom waarlik **alle** lewe op hierdie planeet vernietig!

Daarbenewens is die feitlike afbreking van die ordentlike samelewing soos die apostel Paulus dit beskryf, definitief aan die gang. “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoelik,

kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Timotheus 3:1-5).

Die geprofeteerde Europese "Diermag", die laaste herlewing van die dominante Rooms-Katolieke Heilige Romeinse Ryk, is sekerlik besig om byeen te kom en die Verenigde State vir wêreldleierskap uit te daag. Lees Openbaring 17:6-14 noukeurig. Soos ons telkens vantevore verduidelik het, het die eerste ses konings wat hier voorspel word, reeds verskyn.

Die sewende koning, die gevreesde leier van die "Diermag", sal *binnekort verskyn*. Hy leef *moontlik vandag reeds êrens op aarde!*

Hoewel die meeste nuusanaliste en politieke kenners òf nie verstaan nie òf weier om te erken wat aan die gang is, word daar 'n "godsdiensoorlog" geveg tussen die belydende Christendom en die meer as 'n *biljoen* volgelinge van Islam. Hulle voel dat die rykdom, mag en hedonistiese lewensstyl van die Westerse wêreld, ons beheer van die wêreldmedia en ons toenemende invloed op hulle volk, 'n bedreiging is vir alles waarin hulle glo en waarvoor hulle staan. Nou begin hulle *terugslaan!*

Die terreur van 11 September 2001 was *net die begin* van 'n voortslepende reeks aanvalle teen die Weste en ons ganse leefwyse. Hierdie stadig toenemende botsings tussen die magte van Islam en die Weste, berei definitief die weg voor vir die gebeure wat deur die profeet Daniël beskryf is. Hy beskryf die komende "Mahdi", 'n godsdienspolitiese leier van 'n Arabiese Nasiebond, wat die komende Diermag in Europa aanval. "Maar in *die tyd van die einde* sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloe. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie *volke* sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande;

ook Egipteland sal nie vrykom nie" (Daniël 11:40-42). Namate al hierdie gebeure uiteindelik duidelik sigbaar word, is dit duidelik dat ons waarlik naby die **voleinding** van hierdie tyd is!

Daniël se profesie onthul dat Christus werklik kort na hierdie laaste Midde-Oosterse oorlog, sal kom en die *opstanding van die dode* laat plaasvind en 'n ontsagwekkende **beloning** sal gee aan diegene wat ywerig in Sy Werk gedien het. "En **in dié tyd** sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n **tyd van benoudheid** wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal **ontwaak**, sommige tot die **ewige lewe** en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. En die verstandiges sal **glinster** soos die glans van die uitspansel, en die wat **baie tot regverdigheid** lei, soos die sterre vir ewig en altoos" (Daniel 12:1-3).

Wat staan U te doen?

Wat staan ons te doen, siende dat ons in werklikheid in die "laaste dae" is? By watter *spesiale aktiwiteite* moet ons betrokke wees? Na watter **doelwitte** moet ons streef?

Die Bybel waarsku ons teen selfgenot en 'n wêreldse lewensstyl, wat jammerlik selfs baie belydende Christene aangegryp het. Soos ons in 2 Timotheus 3 sien, verdoem God diegene wat "liefhebbers van hulleself" is en net selfgesentreerd is. Hy verdoem diegene wat hul lewens op geld en rykdom fokus, dus "geldgieriges", en "meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God" is.

Word u deur enige van hierdie eienskappe **beskryf**? Dan moedig ek u in Jesus se Naam aan: **Bekeer u!** Vra God om u te help om eerlik en opreg te **verander** en "... soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid ..." soos Jesus sê (Mattheus 6:33).

Jesus Christus waarsku diegene wat in die laaste tydvak leef: "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud

of warm! Maar nou, omdat jy **lou** is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug” (Openbaring 3:15-16). Ons sien vandag miljoene Moslems wat vurig is vir hul godsdiens. Sommige veglustige Moslems het 'n misleide ywer om Amerika en die Weste aan te val, maar al is hulle niks anders nie, *is* hulle wél ywerig en kan *geensins* as “lou” beskryf word nie!

Tog is die *oorgrote meerderheid* van belydende Christene, veral in Amerika, Kanada, Brittanje en Suid-Afrika, *baie* lou. Kerkbywoning in Brittanje en Kanada het **baie** afgeneem. Selfs die meeste algemene godsdiensskrywers en analiste in die V.S.A. erken openlik dat die meerderheid van kerk-gangers geestelik swak, Bybel-ongeletterd, beslis oppervlakkig en “lou” in hul godsdienstige verbintenis is.

Wat elkeen van u as lesers moet doen is om ywerig te soek na waar die volle **Waarheid** van die Bybel onderrig word en dan entoesiasies daarby betrokke te raak om te leer en die egte Waarheid van God in u lewe toe te pas en dit aan die wêreld te verkondig! Jesus gee Sy ware volgelinge die opdrag: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en *leer hulle om alles te onderhou* wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen” (Mattheus 28:19-20).

Is *u* kerk of godsdiens verbind daartoe om “alles” te onderrig wat Jesus al Sy dissipels geleer het, of is dit betrokke by die lou praktyk om *tradisie*, moderne filosofieë en politiekery na te volg en 'n “sosiale klub” te stig, waar mense “gemaklik” kan voel sonder om gedaag te word deur die kragtige leringe van die Bybel?

Het u persoonlik die *geloof* en die *moed* om op die waarheid te **reageer**?

Neem toe in BEGRIP

Onthou die apostel Johannes se waarskuwing oor die menslike begeerte om aanvaar te word en by die samelewing rondom ons in te skakel: “Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie

bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie. *Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God*” (Johannes 12: 42-43).

Dwarsdeur die Bybel sê God vir ons om Hom en Sy Waarheid **te soek**, soos Jesus sê: “soek **eers** die koninkryk van God ...” (Mattheus 6:33). Die gein-spireerde apostel Paulus skryf: “As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie” (Kolossense 3:1-2).

In Deuteronomium 4:29-30 beskryf God wat met die eindtydse afstammeling van Israel sal gebeur wanneer hulle uiteindelik in die Groot Verdrukking gestraf word, in ballingskap weggevoer en werklik verneder word: “Dan sal julle daarvandaan die Here jou God **soek** en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel **soek**. As jy in die nood is en al hierdie dinge aan **die einde van die dae** oor jou kom, sal jy na die Here jou God terugkeer en na sy stem luister.”

Vra uself die vraag af: “Sal dit die Groot Verdrukking verg om my wakker te ruk en met ywer na God en Sy ware leringe te laat **soek**?”

Ek hoop werklik nie so nie! Elkeen van ons moet leer om God met ywer, *met ons hele hart te soek!* Ons moet besef dat egte Bybelstudie en hartlike gebede vir begrip en krag, die hoofmetodes is om die ware God te soek. 'n Wonderlike hulpmiddel om u in hierdie geestelike soektog te help is ons *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus*. Hierdie kursus sal u stap vir stap lei in 'n diepsinnige begrip van die Bybel, **mits** u die lesse werklik sal *bestudeer* (en nie net goedsmoeds deurlees nie!) en sal *voortgaan met die kursus*. U inskrywing in hierdie kursus is absoluut **gratis** op u versoek. Stuur slegs u versoek na ons adres naaste aan u, soos dit op bladsy 2 van hierdie tydskrif aangedui is.

Maak gereed vir u verantwoordelikheid onder Jesus Christus!

Ter aanvulling van ernstige studie, gebed en die bou aan 'n kragtige verhouding met die Jesus

Christus van u Bybel, moet u dink oor die *baie werklike verantwoordelikheid*, wat binnekort aan elke ware heilige in Christus se Koninkryk, gegee sal word! Die apostel Paulus is geïnspireer om ons van hierdie komende verantwoordelikheid te vertel: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons **engele** sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3).

Die meeste belydende Christenkerke *verstaan nie* of **laat dit absoluut na**, om hierdie bepaalde opdrag aan hul lidmate oor te dra! Hulle praat eerder daarvan dat 'n mens “die hemel vol gaan sweef” met **niks** om te doen nie! Maar die lewende Jesus Christus sit nou aan die regterhand van God en maak gereed om *terug te keer na hierdie aarde* met die laaste basuin om alle nasies met 'n ysterstaf te **regeer** (Openbaring 19:15). Jesus sê “.aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek **mag** oor die nasies gee, en hy sal hulle **regeer** met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2: 26-27).

Die geïnspireerde “gebed van die heiliges” dui ook aan wat ware Christene oor 'n paar jaar gaan doen. “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons **konings** en **priesters** vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde **heers**” (Openbaring 5:9-10). **Waarom** het u **nog nooit tevore** geleer van *hierdie ontsagwekkende doel* vir u eie lewe nie? **Waarom nie?**

Die ware Christen se ontsagwekkende roeping tot **heerskappy**, om onder die leiding van die lewende Jesus Christus te dien, te help om hierdie wêreld se probleme uit te stryk, is die einste **rede** waarom ons dwarsdeur die Bybel vertel word om te “oorwin” en toe te “neem in die genade en kennis”. Deur 'n lewe van oorkoming, gehoorsaamheid en diens, *demonstreer ons aan God* dat ons werklik aan Hom **oorgegee** het en dat ons

altyd op Sy Wil sal reageer! Indien redding slegs 'n kwessie van emosionele “aanneming” van Jesus was en van “hemel toe gaan”, met niks om te doen nie, sou dit nie *nodig* vir ons wees om deur beproewinge en toetse te gaan nie, ook nie vir die geestelike *groei* en *oorwinning* wat Jesus Christus van Sy volgelingen vereis nie! Indien ons dan opreg, maar “lou” was, *sou dit geen verskil gemaak het nie!*

Maar in der waarheid maak dit 'n **groot** verskil vir God en die ware Christus van die Bybel! Want ware Christene word **nou** geroep om hulself gereed te maak om Christus by te staan in 'n *werklike regering* wat binnekort op hierdie aarde ingestel gaan word. God moet **weet** waar ons *werklik* staan en dat ons *gehoorsaam* sal wees aan Sy wette en Sy weë wat ons binnekort aan die hele wêreld sal moet leer!

Dit is **waarom** Jesus sê: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen **nie** wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). *Daarom* waarsku Jesus: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: *Ek het julle **nooit** geken nie. Gaan weg van My, julle wat die **ongeregtigheid** werk!*” (Mattheus 7:21-23).

In die bekende gelykenis van die “ponde” beskryf Jesus 'n koning (Jesus verwys duidelik na Homself), wat aan Sy diensknegte 'n sekere bedrag geld gee om mee handel te dryf en dan na 'n “ver land” (die hemel) reis. Met Sy terugkeer, beveel Hy hierdie mans om voor Hom te verskyn om vas te stel “... wat elkeen met handel verdien het” (Lukas 19: 15). Geestelik gesproke wou Hy vasstel *hoeveel* hulle “oorwin” het, *hoeveel* hulle andere gedien en help voorberei het vir die Koninkryk van God.

En wat was hul beloning? Om hemel toe te gaan? Nee!

Aan die man wat sy pond vertienvoudig het, is gesê: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy **gesag** hê oor

tien stede" (Lukas 19:17). Die man wat 'n vervyfvoudige opbrengs getoon het, is vertel: "En jy moet wees oor vyf stede" (vers 19).

Die WERKLIKHEID van Christus se komende regering

Die meeste hedendaagse godsdienstkenners sal probeer om die **werklikheid** van ware Christene se komende verantwoordelikheid digterlik weg te praat, maar die geïnspireerde apostel Paulus se baie duidelike stelling "Weet julle nie dat ons die wêreld sal oordeel nie?" is moeilik om weg te "dig", nes Jesus se ewe duidelike verklaring dat die ware heiliges *die nasies* met 'n "ysterstaf" sal **regeer** (Openbaring 2:26-27).

Dwarsdeur die Bybel word hierdie *bepaalde* verantwoordelikheid beklemtoon. In sy beskrywing van die tyd na Christus se wederkoms, skryf die profeet Daniël: "Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees" (Daniël 7:27).

Leer u persoonlik om die Bybel te *bestudeer* met dít in

gedagte? *Bestudeer* u werklik God se **wet**, sodat u in staat sal wees om hierdie wet te kan toepas in die ware regering van God onder Jesus Christus? Onthou dat Koning Dawid van Israel weereens Koning oor *al* die nasies van Israel sal wees. Een rede daarvoor is sekerlik omdat Dawid God se wet **liefgehad** het; daardie selfde wet wat die einste *basis* gaan vorm in die regering van die wêreld van môre (Jesaja 2:2-3)! Koning Dawid het uitgeroep: "Hoe **lief** het ek U **wet**; dit is my bepeinsing die hele dag" (Psalm 119:97).

Bestudeer *u* die boek Spreuke vir **wysheid**, sodat u wyse besluite kan maak in die bestuur van die stede oor wie u geplaas mag word, in Christus se koninkryk wat binnekort kom?

Die apostel Paulus beskryf sommige van die eienskappe wat God deur Sy Heilige Gees verleen. "Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Timotheus 1:7). Ontwikkel *u* die geestelike **krag** deur Jesus Christus wat in u is om *uself*, die *samelewing* en *Satan* te oorwin? Neem *u* toe in geestelike **liefde**, in ware spontane besorgdheid vir *die ganse mensdom*? Neem *u* toe in ware *wysheid* en *balans* die gees van selfbeheersing sodat u nou én in Sy komende regering, 'n meer effektiewe dienskneg van Christus kan wees?

Christus se komende regering gaan baie **werklik** wees! Dit sal letterlik die regerings van mense *dwarsoor die wêreld* oorneem. "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Soos God voortgaan om *presies volgens Sy plan* in wêreldsake in te gryp, namate Hy die "volke skud" sodat hulle die konsep van 'n **ware God** begryp, moet ons in liefde en entoesiasme *voorberei* op Christus se wederkoms!

Ons moet **nie** in die een of ander swak, verwarde, "tradisievaste" kerk sit wat feitlik *geen begrip* het van profesie of die voortreflike **doel** vir die mensdom nie. Ons moet eerder *God se ware Kerk opsoek* en deel word daarvan. Daardie Kerk wat die Bybel verstaan en die "hele raad van God" verkondig (Handelinge 20:27), wat die Werk van God in hierdie eindtyd **doen** en waarvan die lidmate *waarlik* voorberei om konings en priesters te wees in die wêreld van môre, onder leiding van die lewende Jesus Christus.

Mag God u help om te verstaan en daarvolgens **op te tree**.

WvM

Die Midde-Ooste In Profesie

Deur Richard F. Ames

Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif dui aan dat die omliggende streek, die Midde-Ooste, uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer aangaande die sameloop van wêreldgebeure tydens die eindtyd in daardie omgewing?

Kan ons te midde van die huidige onsekerheid en onrus wat daar heers, weet wat die uiteindelige uitslag van die konflik in die Midde-Ooste sal wees? *Ons kan.* Die Bybel beskryf eindtyd gebeure wat na die wederkoms van Jesus Christus lei. 'n Millennium van vrede en voorspoed onder die heerskappy van die Messias lê voor. As Koning van konings, sal Jesus Christus hierdie aarde met reg en geregtigheid regeer en al die volke van die aarde sal 'n nuwe lewenswyse aanleer die weg na vrede.

Dwarsdeur die geskiedenis het die menslike natuur egter oorlog gesien as die finale arbiter van geskille. Die apostel Paulus maak 'n diepsinnige stelling: “En die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie” (Romeine 3:17-18).

Die Midde-Ooste het sedert die vroegste tye tot op hede 'n geskiedenis van oorloë. Meer as een miljoen mense het in die Iran-Irak Oorlog van 1980 tot 1988 gesterf. Etlike duisende meer het gedurende die Persiese Golfoorlog en Operasie *Desert Storm* van 1990-91 gesterf. In daardie konflik het Irakese troepe meer as 600 olieputte in Koeweit aan die brand gestee. Die swart rook het beelde van Armageddon opgeroep. Hierdie wydverspreide besoedeling was daardie tyd die “wêreld se ergste mensgemaakte omgewings-ramp” genoem (*Time Almanac 2000*, bl. 605).

Sal daar nog meer oorloë in die Midde-Ooste wees? Ongelukkig is die antwoord “ja”. U Bybel onthul dat daar selfs meer streekoorloë in die

Midde-Ooste sal wees, wat sal lei tot dit wat algemeen bekend staan as “Armageddon”! Jerusalem sal 'n brandpunt van geskille wees.

Arabië en Israelië is, sedert die moderne staat van Israel gestig is, keer op keer in oorlog gewikkel [sien inset]. Vrede is telkemale in die streek aangekondig, maar het nog nooit gerealiseer nie. Tans is daar min vooruitsig op blywende vrede onder die nasies van die Midde-Ooste.

Hoop het in September 1993 hoog opgevlam toe Israel en die Palestynse Bevrydingsorganisasie (P.L.O.) in Washington D.C. 'n verdrag onderteken het. Twee jaar later het hulle 'n tussentydse ooreenkoms onderteken wat gelei het tot verhoogde Palestynse selfbeskikking in die Wes-Oewer en Gazastreek. Die Wye Rivier Memorandum het in Oktober 1998 stappe daargestel om die tussentydse ooreenkoms van 1995 in werking te stel, met Mei 1999 as teikendatum vir 'n finale oplossing vir die Israel-Palestynse konflik. Geen oplossing kon egter bereik word nie. Die Camp David Beraad van Julie 2000 wat deur die Amerikaanse President Bill Clinton saamgeroep is, het nie geslaag om 'n finale vredesooreenkoms saam te stel nie en het die bittere waarheid beklemtoon, dat *beide* Israel en die Palestyne Jerusalem as hul uitsluitlike hoofstad beskou en nie die ander een wil toelaat om vrye beheer oor hierdie geskiedkundige stad te bekom nie.

Jerusalem is heilig vir die drie hoof monoteïstiese godsdienste, naamlik Christendom, Judaïsme en Islam. Moslems en Jode is reeds vir meer as 1300 jaar haaks, sedert 'n Arabiese handelaar genaamd Muhammed, die Islamse geloof sowat 1300 kilometer suidoos van Jerusalem gestig het.

Die Tempelberg is 'n fokuspunt vir Moslems en Jode. Islam se Rotskoepel staan waar Salomo se Tempel eens gestaan het. Jode word nie toegelaat om op die Berg self te bid nie, daarom gaan hulle na die Wesmuur of “Klaagmuur” by die voet van die Berg om te bid. Die Jode smag daarna om 'n godsdiensteenwoordigheid op die Tempelberg self te hê.

Toe die Israeliese Eerste Minister, mnr. Ariel Sharon, in September 2000 nog leier van die opposisie was, het hy die Tempelberg besoek.

Dit het Palestynse betogers aangehits om 'n nuwe *intifada* van verskerpte geweld teen Israeli teikens te loods. In Mei 2001 het Israel vir die eerste keer sedert 1967 vegvliegtuie teen Palestina gebruik. Arabiese lande het gereageer deur opskorting van bande met Israel te eis totdat die geweld beëindig word.

Wat sal volgens Bybelprofesië uiteindelik in Jerusalem gebeur? Die Skrif is duidelik: "Kyk, daar kom 'n dag vir die Here; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o *Jerusalem*. Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie"

(Sagaria 14:1-2).

"Al die nasies" sal in hierdie konflik veg, tydens die tydperk bekend as die "Dag van die Here", in die jaar net voor Jesus Christus se geprofeteerde wederkoms. Maar watter hoof profetiese gebeure sal voorafgegaan word in hierdie stryd in Jerusalem? "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheus 24:21-22).

Die ganse mensdom sal dan dramatiese en vreesaanjaende aktiwiteite in die hemelruim aanskou. Openbaring 6:12-14 beskryf hierdie "hemelse tekens" as die "sesde seël". Jesus sê: "En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word" (Mattheus 24:29).

Ons moet vooraf gewaarsku word van hierdie grootse gebeure. Die Groot Verdrukking is hoofsaaklik 'n tyd van smarte vir Amerika en die afstammeling van Brittanje, wat Suid Afrikaners en almal wat van die antieke patriarg Josef afstam, insluit. Toe hy op sterwe was, het Jakob twee van sy kleinseuns, Josef se seuns Efraim en Manasse, geseën en gesê: "Die Engel wat my uit elke

ISRAEL-ARABIESE OORLOË

14 Mei 1948

Die Joodse Nasionale Raad verklaar die vestiging van Israel. Oorlog breek uit tussen die nuwe staat en die omliggende Arabiese volke. Wanneer die oorlog in 1949 eindig, beheer Jordanië die Wes-oewer en Oos-Jerusalem, en Egipte beheer die Gazastrook. Israel word as staat gevestig, maar sonder toegang tot die heilige plekke in Ou Jerusalem! David Ben-Gurion word Israel se eerste Eerste Minister.

Julie 1956

In die voetspore van Egipte se nasionalisering van die Suezkanaal sone, val Israel Egipte binne en neem beheer van die Gazastrook en Sinai Skiereiland oor. Nadat die Verenigde Nasies 'n veiligheidsmag in hierdie streke gevestig het, onttrek Israel.

Junie 1967

Israel tree in stryd met die verenigde magte van Egipte, Sirië en Jordanië, in dit wat bekend word as die "Sesdagse Oorlog". Israel neem die Sinai Skiereiland, Golan Hoogtes, die Wes-Oewer en Oos-Jerusalem oor. Israel het nou toegang tot sy geskiedkundige heilige plekke, insluitende die Wesmuur by die Tempelberg.

6 Oktober 1973

In dit wat bekend staan as die "Yom Kippoer-oorlog" omdat dit op die Versoendag geveg is, weerstaan Israel invalle deur Egipte en Sirië. Israel, Egipte en Jordanië kom later ooreen op 'n Verenigde Nasie skietstilstand.

6 Junie 1982

Israeli magte val Libanon binne en omsingel Beiroet teen 14 Junie. In Februarie 1985 onttrek Israeli magte eensydig uit Libanon, maar behou 'n "veiligheidsone" in die suide van Libanon, wat hulle behou totdat militêre eenhede in Mei 2000 onttrek.

Bron: *Webster's Concise Encyclopedia*

teespoed verlos het mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte” (Genesis 48:16).

Die eindtyd profesieë wat betrekking het op Jakob, oftewel Israel, verwys oor die algemeen na die afstammeling van Efraim en Manasse aan wie Jakob se naam gegee is. Die Skrif gee 'n eindtydse waarskuwing oor die Groot Verdrukking. Wie gaan dit toeval? “Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” (Jeremia 30:7). Dit is 'n unieke tyd in die mens se geskiedenis; 'n tyd “sonder weerga”.

Waak en bid

Wat sê die Bybel moet ons te doen? Jesus vertel ons: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36).

Waarvoor moet 'n mens op die uitkyk wees in die Midde-Ooste? Toe Jesus op die Olyfberg was, het hy 'n raamwerk van eindtydse profesie gegee met gelyke vertellings in Mattheus 24, Lukas 21 en Markus 13. Ons sal hier die volgorde van gebeure wat Jesus in Mattheus beskryf het, hersien. Jesus se dissipels vra hom oor die teken van Sy koms en die einde van die wêreld, of die einde van die era. Hy praat van godsdiensmisliding, oorloë, hongersnode, siektes en aardbewings. Hierdie tendense onthul in volgorde die betekenis van die vier perderuiters van Openbaring wat nader aan die einde van hierdie tyd, hul gevaarlike galop versnel. Jesus verklaar: “Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte” (Mattheus 24:8).

Godsdiensvervolging en martelary sal volg. “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word terwille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei” (Mattheus 24:9-11).

Desondanks sal die Waarheid steeds verkondig word. “En hierdie evangelie van die koninkryk sal

verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Mattheus 24:14). Namate Jesus Christus deure vir die evangelie open om in afsetgebiede en krag toe te neem, sal u weet dat die einde naby is. Moenie onverskillig staan teenoor die wêreldtoestande en profetiese neigings wat voor u oë in intensiteit toeneem nie!

Jesus waarsku dan: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom laat hy wat lees, oplet dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Mattheus 24:15-16). Wat is hierdie gruwel van die verwoesting?

Die Griekse heerser Antiochus Epiphanes het in 167 v.C. 'n edik uitgereik wat verdere Joodse offerandes in die Jerusalem Tempel verbied het. “En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, onheiligh, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel” (Daniël 11:31).

Bykomend tot die afskaffing van die daaglikse offerandes, het Antiochus 'n standbeeld van Jupiter Olimpus in die tempel opgerig en almal opdrag gegee om dit te aanbid. Hierdie gruwel, wat ook in Daniël 8 beskryf is, is 'n weerspieëling van 'n eindtydse gebeurtenis die eindtydse offerandes word 1 290 dae voor Christus se wederkoms afgeskaf. “En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-twee-honderd-en-negentig dae verloop” (Daniël 12:11). Jesus waarsku ons as Christene om waaksaam te wees vir 'n eindtydse gruwel van die verwoesting. Net soos Antiochus Epiphanes die Tempel in 167 v.C. onheiligh en die offerandes afgeskaf het, sal 'n onheiligh gesag die Joodse offers in die toekoms afskaf. Die apostel Paulus waarsku ons trouens van 'n groot valse profeet wat in die heiligdom sal staan: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:3-4).

'n Vals profeet sal groot wonderwerke doen en

miljoene mense mislei. Hy sal aanbidding van homself aankweek en aanspraak maak daarop dat hy goddelik is. Openbaring 13:13-14 dui aan dat hierdie groot vals profeet verbasende wonders sal doen en selfs vuur uit die hemel sal laat neerdaal wat miljoene mense regoor die wêreld sal mislei! *Moenie mislei word* deur hierdie tekens en wonders nie! Soos die Skrif ons vermaan: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessaloniense 5:21).

Die eindtyd godsdiens-politiese mag wat Jerusalem domineer sal veroorsaak dat die offerandes gestaak word. Onthou dat die Jode sedert 70 n.C. toe die Romeine die tempel in Jerusalem vernietig het, geen diereoffers gebring het nie. Vir die eindtyd offerandes om uiteindelik gestaak te word, moet hulle eers begin! Wanneer diereoffers weereens in Jerusalem begin, sal u weet dat die profesieë waarvan Jesus gepraat het, op 'n hoogtepunt afstuur!

Wanneer die gruwel van die verwoesting waarvan Jesus geprofeteer het opgerig word, moet drie profetiese mylpale oor 'n periode van drie en 'n half jaar plaasvind die Groot Verdrukking en die Hemelse Tekens, wat 'n hoogtepunt bereik in die jaarlange Dag van die Here. Die laaste drie verse van die boek Daniël dui aan dat daar 1 290 dae sal wees van die tyd dat die gruwel van die verwoesting opgerig word, tot en met Christus se wederkoms, wanneer Daniël in die eerste opstanding opgewek sal word.

Hierdie koning van die Noorde (wat in die algemeen noord van Jerusalem beteken), word elders die Dier genoem (Openbaring 13:1-10; 17:12-13), en sal volgens Daniël se profesie die Heilige Land inval. “Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorstroom. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie” (Daniël 11:40-42).

'n Twintigste-eeuse koning van die Noorde het

Noord-Afrika gedurende die Tweede Wêreldoorlog binnegeval. In teenstelling hiermee, sal die eindtydse koning van die Noorde deur die koning van die Suide *uitgelok* word. Ons het reeds oorlog in die Midde-Ooste gesien weens die oliekwessie. Sal daar weer 'n Arabiese verbod op die uitvoer van olie soos die een van 1974 wees? Europa is selfs meer afhanklik van Midde-Oosterse olie as wat Amerika is. Hulle voer ongeveer die helfte van hul olie van Arabiese lande af in, in vergelyking met die ongeveer 20 persent wat Amerika uit daardie streek invoer. Wat ook al die uitlokking gaan wees, die gevolg sal wees dat die koning van die Noorde die Midde-Ooste binneval.

Lukas se weergawe van die Olyfbergprofesie volg dieselfde algemene volgorde as dié van Mattheus, maar hy voeg 'n baie belangrike brokkie inligting by. Nadat godsdiensvervolging toeneem, sê Jesus: “Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry. En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is” (Lukas 21:19-20).

Toenemende geweld lê voor

Waarvoor moet Christene op die uitkyk wees tydens die onrus van die Midde-Ooste? Kyk uit vir voortslepende konflik tussen Israeli's en Palestyne in die Heilige Land. 'n Onlangse *New York Times* artikel beskryf die skade wat aangerig word deur die toenemende geweld: “Die psigologiese skeiding tussen Israeli Jode en Palestynse Arabiere het 'n mynveld geword [Baie het geglo] dat die besetting ál was wat in die pad van versoening gestaan het; dat indien Israel die Joodse vestings afgebreek, uit die gebied onttrek en 'n Palestynse staat toegelaat het, die konflik einde sou kry. Dit mag steeds moontlik wees, maar die ergste gevegte sedert 1967 trek hierdie aanname in twyfel” (Vertaling van uittreksel uit *A Conflict's Bedrock*, 27 Mei 2001).

As gevolg van hierdie neigings moet u op die uitkyk wees vir toenemende eise na internasionale ingryping en beheer, nie slegs in Gaza en die Wes-Oewer nie, maar ook in Jerusalem self. Die Palestynse leier, Yasser Arafat, het self al steun probeer werf vir 'n Verenigde Nasie vredespan in

Gaza en die Wes-Oewer.

Wees op die uitkyk vir toenemende eenheid tussen Arabiese nasies in hul weerstand teen Israel. Een profetiese Psalm lys al die volke wat die Arabiese- en Moslemnasies in die Midde-Ooste sal uitmaak. Hulle word ondersteun deur Europese groepe in hul sterk opposisie teen Israel. "Hulle sê: Kom laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie. Want hulle het van harte saam raad gehou; teen U sluit hulle 'n verbond" (Psalm 83:5-6). Wees op die uitkyk vir 'n eindtydse Moslem-Arabiese unie of federasie wat teen Israel gevorm word.

Wees op die uitkyk vir die Europese Unie se groeiende ekonomiese, politiese en militêre eenwording. Soos ons in Daniel se profesie gesien het, sal die koning van die Noorde uiteindelik die Heilige Land beset. In November 2000 het die Europese Unie 'n Duitse generaal gekies om sy Blitz Reaksie Mag te lei, waarvan verwag word om teen 2003 Europese mag aan krisissones oor 'n area van ongeveer 4000 kilometer te projekteer. Sal hierdie magte uiteindelik 'n wesenlike rol in die Midde-Oosterse konflik speel? Hou die ontwikkeling van Europa se eie militêre magte dop.

In Israel moet u op die uitkyk wees vir die voorbereiding en uiteindelige implementering van diereoffers deur die Jode in Jerusalem. Baie mense glo dat 'n fisiese tempel ook gebou sal word, maar die geskiedenis en die boek Esra bevestig dat offerandes uitgevoer kan word met slegs 'n altaar by die heilige plek.

Wees op die uitkyk vir die toenemende samesmelting van godsdiensmag in Europa wat lank reeds deur sommiges beplan word. Tydens 'n besoek aan Oostenryk in 1983 het Pous Johannes Paulus II 'n verhoë gerig vir Europese eenheid met dié stelling: "Europeërs moet die dreigende internasionale konfrontasies van state en alliansies oorkom en 'n nuwe verenigde Europa vorm, van die Atlantiese Oseaan tot aan die Oeralgebergte" (*The Principality and Power of Europe*, Adrian Hilton, bl. 36).

Die ontwikkelende Europese godsdienspolitiese mag sal uiteindelik die beherende invloed

uitoefen oor die Heilige Land. Ons het reeds gesien dat die koning van die Noorde Jerusalem en die Midde-Ooste uiteindelik sal domineer. Die boek Openbaring voorspel ook 'n konflik tussen Asiatiese magte en die Europese Diermag, die koning van die Noorde (vergelyk Daniël 11:44; Openbaring 9:13-19). Dit is skokkend dat hierdie leërs met Christus se wederkoms sal saamstaan soos die leërs van die wêreld versamel "om oorlog te voer teen Hom" (Openbaring 19:19)! Die Almagtige God sê: "Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem" (Sagaria 14:2). Dan "sal [die HERE] uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant" (Sagaria 14:3-4). Jesus Christus sal ingryp! Hy sal die Derde Wêreldoorlog stop en blywende vrede na die hele wêreld bring!

Die Kidronvallei, wat ook die Dal van Jósafat heet en geleë is tussen die Olyfberg en Tempelberg, verbreed na die suide. Hier sal God die nasies oordeel. "Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou" (Joel 3:1-2).

Die Dag van die HERE sal oordeel oor alle nasies bring. Christus sal al die leërs wat Hom teenstaan oorwin! Hy sal die Millennium van vrede op aarde inhuldig en die weg na vrede aan alle nasies leer. Dan sal die Arabiere en Israeli's versoen raak. "In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!" (Jesaja 19:23-25).

Ons sien almal uit na die wêreldvrede en versoening wat slegs deur die Messias, Jesus Christus, na hierdie aarde gebring kan word. Intussen sê Jesus vir ons om altyddeur te waak en te bid. Maak seker dat u dit doen!

WvM

Die Gelykenis van die Tien Maagde

Noodsaaklike lesse vir ons tyd

Deur Douglas S. Winnail

Jesus het amper 2000 jaar gelede die gelykenis van die tien maagde vertel (Mattheus 25:1-13). Vir baie mense is dit 'n mooi Bybelstorie oor lampe, olie en huweliksvoorbereiding; tog is die gelykenis eintlik 'n *waarskuwing* van toestande wat aan die *einde van die tyd* sal voorkom. Die teikengehoor is die geslag wat die wederkoms van Jesus Christus sal aanskou! Die gelykenis is gekoppel met profesieë oor die *laaste* dae wat vandag vervul word (sien Mattheus 24; 25).

Presies h e het die gelykenis betrekking op ons? Daar word dikwels veronderstel dat Christus in gelykenisse gespreek het om die betekenis van Sy leringe *duidelik te maak*, tog onthul die Skrif *presies die teenoorgestelde* (sien Mattheus 13:10-17). Die Bybel dui aan dat God die ware begrip van die Skrif van die wêreld verskuil het, maar Hy onthul daardie noodsaaklike inligting deur Sy Gees aan diegene wie Hy roep (1 Korinti ers 2:7-16). Diegene wat gewillig is om deur God se Gees gelei te word, sal die ware betekenis van die Skrif naspeur en verstaan. Wat kan ons van die gelykenis van die tien maagde leer? Watter belangrike lesse wat *vandag op ons van toepassing is* kan ons hieruit leer?

Die tien maagde

Eerstens moet ons oorweeg: *wie* is die tien maagde? Die gelykenis beeld tien maagde uit wat onderweg is om die bruidegom (Jesus Christus), te ontmoet. Die tien maagde is beskryf as “die afwagtende Christengemeenskap” (sien *The*

Expositor's Bible Commentary). Baie mense wat hulself vandag “Christene” noem, verwag die Messias se wederkoms, maar die gelykenis, sowel as vele ander teksverse, dui aan dat *baie* belydende Christene wat uitsien na Christus se wederkoms, *nie* die beloning wat hulle verwag, *sal ontvang nie* (Mattheus 7:21-23), omdat hulle nie die belangrike lesse geleer het wat in hierdie gelykenis vervat is nie. Hulle sal geskok en verras wees, maar dit is wat die Bybel duidelik s e.

Ons word vertel dat vyf van die maagde *wys* was en vyf *dwaas*. Presies wat beteken dit om wys of dwaas te wees? Hoe omskryf die Bybel hierdie terme? In watter kategorie val u? Jesus verduidelik dat die wyses diegene is wat nie net na Sy leringe luister nie, maar *dit werklik navolg* (Mattheus 7:24-29). Jesus omskryf 'n dwase persoon as een wat luister, maar *nie* die woord van God *navolg nie!* Dwase maak redes en verskonings op waarom die gebooe en opdragte van die Skrif nie meer vandag op ons van toepassing is nie.

Spreek verskaf bykomende definisies. 'n Wyse persoon vrees ongehoorsaamheid aan God se woord en *soek* na kennis, wysheid en begrip (Spreek 4:4-9; 9:10), maar “*sotte verag wysheid en tug*” (1:7); hulle is nie gewillig om 'n poging aan te wend om hierdie belangrike behoeftes te bekom nie. 'n Wyse persoon sal raad vra en luister na teregwyding (Spreek 10:8), maar dwase *ignoreer* raad en verag teregwyding (Spreek 11:14). 'n Dwaas reageer met onmiddellike woede op situasies, tog sal 'n wyse persoon beledigings ignoreer en selfbeheersing toepas (Spreek

12:16). Dwase is altyd reg in hul eie oë en ten volle oortuig van hul eie menings, terwyl 'n wyse persoon gewillig is om na raadgeving te luister (Spreuke 12:15; 28:26). 'n Wyse persoon voorsien waarheen besluite en optredes sal lei en streef daarna om foute te voorkom, maar dwase voorsien nie die gevolge van hul optrede nie en beland dus gedurig in die moeilikheid (Spreuke 22:3). Ons keuse van vriende beïnvloed ook hoe ons uitdraai, soos Spreuke 13:20 sê: “Gaan met die wyse om, dan word jy wys; maar hy wat met die dwase verkeer, versleg”.

Die les in hierdie deel van die gelykenis is om bewus te wees van die kategorie waarin ons optredes ons plaas! Soek ons om gelei te word deur God se Gees en om Sy onthulde opdragte uit te voer, of soek ons gedurigdeur na 'n manier om die Skrif te omseil, sodat ons ons eie ding kan doen? Die gelykenis dui aan dat ten minste 50 persent van diegene wat hulself as lidmate van God se Kerk beskou, moontlik dwase besluite kan neem! Dit moet vir ons 'n waarskuwing wees namate ons die eindtyd nader.

Olie aldan nie?

Die gelykenis dui aan dat die dwase maagde geen olie vir hul lampe saamgeneem het nie, maar dat die wyse maagde ekstra voorraad saamgeneem het om op die bruidegom se koms te wag. Kommentare bied verskeie idees oor wat die olie simboliseer (byvoorbeeld genade of goeie dade), tog dui die Bybel aan dat olie simbolies van God se Gees is. Toe Saul en Dawid as konings van Israel gekies is, het Samuel hulle *met olie gesalf* en die “Gees van die Here” het oor hulle vaardig geword (1 Samuel 10:1-6; 16:13). Die Bybel stel dit duidelik dat indien ons in die Koninkryk van God wil wees, ons *vrugte moet dra* (Mattheus 3:8; Johannes 15:1-8).

Galasiërs 5:22-26 lys die vrugte van die Gees, wat God wil hê ons moet vertoon. Dit sluit liefde [’n spontane besorgdheid vir ander mense], vreugde, vrede, geduld, getrouheid en selfbeheersing in. God se Gees is regverdig en maklik om deur gebed te bekom (Jakobus 3:17). Ander opvallende vrugte

van God se Gees sluit die moed van oortuiging en 'n gesonde, *onderskeidende* verstand in (2 Timotheus 1:7). Diegene wat hierdie vrugte kortkom, word ongeduldig, wil nie na insette luister nie, fokus op hulself, verloor hul geloof, stel hul oortuigings bloot en kan nie tussen reg en verkeerd onderskei nie. Hulle laat toe dat hul voorraad olie [God se Gees] min en uitgeput raak.

God se Gees is 'n *dinamiese eienskap*, dit vermeerder en verminder in ons lewens, afhangende van hoe ons dit koester en benut. Dit is waarom Paulus vir Timotheus vermaan het om “... die genadegawe van God *aan te wakker* ...” (2 Timotheus 1:6). Ons word ook gewaarsku: “*Blus die Gees nie uit nie*” (1 Thessalonicense 5:19). Ons wakker God se Gees aan deur gereelde gebed en Bybelstudie, deur te vas en daarna te streef om die vrugte van die Gees te beoefen, deur op te tree in 'n liefdevolle, geduldige wyse, selfs al neig ons normaalweg om opvlieënd te wees! Dít is wat dit beteken om “deur die Gees van God gelei [te] word” (Romeine 8:14). Indien ons deur die Heilige Gees gelei word, is ons kinders van God en mede-erfgename saam met Jesus Christus (Romeine 8:14-17). God gee Sy Gees aan diegene wat Hom *gehoorsaam* (Handelinge 5:32). Sonder God se Gees is ons nie werklik Christene nie (Romeine 8:9). Indien ons toelaat dat ons voorraad olie min word, sal die vrugte van God se Gees nie duidelik sigbaar wees in ons lewens nie en sal ons nie gereed wees om Christus te ontmoet wanneer Hy terugkeer nie. Ons sou ons geleentheid om as eerstevrugte in die eerste opstanding te wees, dwaaslik vermors het! Dit is nog 'n noodsaaklike les wat ons uit die gelykenis van die tien maagde kan leer. Wanneer laas het u u olie nagegaan?

'n Onthullende vertraging

Een van die mees belangrike aspekte van die gelykenis, is wat gebeur het toe die bruidegom sy koms *vertraag* het.

Dwarsdeur die eeue het baie mense probeer voorspel wanneer Christus sou terugkeer. Die dissipels het aanvanklik gedink dat Hy in hulle tyd sou terugkeer (Lukas 19:11), maar die Bybel dui

egter aan dat daar 'n *lang* vertraging sou wees (Mattheus 24:48; 25:5, 14, 19). Wat ons gedurende hierdie vertraging doen, onthul baie oor ons oortuiging en die diepte van ons bekering. Die meeste mense is blosend entoesiasies wanneer hulle aanvanklik die waarheid leer ken en tog vervaag dit dikwels. Jesus waarsku dat sommige mense die gebooi sal begin ignoreer en verbreek en terugval in hul genotsugtige, wêreldse leefwyse (Mattheus 24:45-51). Hy waarsku ook dat sommige sal struikel en die geloof sal prysgee weens beproewinge en vervolging en dat, selfs nog andere, die pad byster sal raak in hul najaging van rykdom en tydelike, wêreldse plesiere (Mattheus 13:18-23). Dit is ontnugterend om in die gelykenis van die tien maagde daarop te let dat hulle *almaal* aan die slaap geraak het terwyl hulle op Christus se wederkoms gewag het!

Die onlangse geskiedenis van die Kerk van God is ook leersaam. Kerkskrywes en -leringe het veroorsaak dat baie mense afgelei het dat Christus in die 1970's sou kom. Toe dit nie gebeur nie, het sommige begin om te vertak na hul eie godsdiensondernemings. Mnr. Armstrong was van mening dat Christus in sy leeftyd sou kom. Toe hy gesterf en Christus nog nie teruggekeer het nie, het sommige begin wonder of mnr. Armstrong nie oor baie ander aangeleenthede ook verkeerd was nie. Die gevolglike leerstellingbesprekings en veranderinge het gelei tot verdeling en selfs verdere versplintering. Vandag het baie mense duidelike gebooi en opdragte van die Bybel verwerp om te glo dat "liefde vir die Heer en geloof in Jesus" al is wat benodig word. Baie hiervan het gebeur omdat Jesus Christus nie teruggekeer het toe baie Hom verwag het nie. Ons uitdaging en nog 'n les uit hierdie gelykenis, is om aan die waarheid en ons oortuigings vas te kleef en voort te gaan met die werksopdrag wat Jesus gegee het *totdat* Hy terugkeer! Die Bybel stel dit duidelik dat, wanneer ons ons eers verbind het en dan begin terugkyk en dink oor hoe anders dinge kon gewees het, of wat ons mis, ons nie waardig is van die koninkryk van God nie (Lukas 9:62). Is ons wakker en gefokus op die doelwit van die koninkryk? Of het ons aan die

slaap geraak? Verlustig ons ons in die nostalgie van dít wat ons prysgegee het? Hierdie gelykenis moet 'n wekroep wees!

Die middernagsroep

Die gelykenis impliseer dat die *slapende* maagde *almaal* verras was om die bruidegom in die middel van die nag teë te kom. Hoe hou dit verband met u en u situasie? Besef u die *belangrikheid* van die tye waarin ons leef? Is u bewus van bepaalde profesieë wat byna daagliks voor u oë vervul word? Of is u aan die slaap gesus deur diegene wat sê, dat alle profesie in Jesus vervul is en dat Ou Testamentiese profesieë nie toepaslik is op die oortuigings van Nuwe Testamentiese Christene nie?

Besef u *waar* die werk van God vandag gedoen word? Wie onderrig *werklik* volgens die Skrif (Jesaja 8:20) en wie verwater die waarheid en verander leerstellings? Wie verkondig die *ware* evangelie wat Jesus en die apostels gepreek het (Markus 1:14-15), en wie verkondig 'n *ander* evangelie (Galasiërs 1:6-9)? Wie waarsku die wêreld van die profetiese belang van vandag se nuusgebeure soos Christus gedoen het (Mattheus 24; Markus 13; Lukas 21) en wie preek in Christus se naam (Mattheus 24:5), van 'n *ander* Jesus (2 Korintiërs 11:1-4)? Kan u diegene herken wat soos wolwe daarop uit is om die kudde van God te verdeel en te verorber? Kan u diegene uitken wat met 'n Laodicese (louwarm) gesindheid aangetas is? Ons moet die "middernagsroep" kan herken wanneer ons dit hoor, want God se dienaars sal aktief betrokke wees in die lewering van hierdie waarskuwing (sien Jesaja 58:1; Esegïel 2; 3; 33). Satan sal egter ook valse en misleidende leraars hê, wat aktief besig is in die eindtyd en hulle sal *baie mislei* wat aan die slaap is, soos die tien maagde! Ons kan nie bekostig om op hierdie belangrike tydstop in die geskiedenis aan die slaap te raak nie (sien 1 Thessalonicense 5:1-6)!

Die lampe

Die lampe van die tien maagde verduidelik nog

'n belangrike les. Die lampe van die wyse maagde wat olie saamgebring het, het helder gebrand. Deurdat hierdie lampe met olie gevul was, kon hulle 'n lig vir die wêreld wees, ter vervulling van Christus se verwagtinge van sy verkose dissipels (Mattheus 5:13-16). Indien ons God se Gees koester, sal andere in ons lewe die vrugte van liefde, gehoorsaamheid, geloof en goeie dade sien. Ongelukkig was die lampe van die dwase maagde aan die kwyn, omdat hulle olie opgeraak het. Indien ons God se waarheid begin prysgee, of Sy wette en opdragte begin ignoreer of ongehoorsaam is, begin ons om die Gees van God te verloor. Die vrugte van God se Gees sal verdwyn en vervang word met selfsugtige gedagtes en optrede, wat dikwels ydel en lelik is (Galasiërs 5:19-21). Seksuele sondes, argumente, dwaaleringe en verdeeldheid sal floreer en eenheid in kerke en gesinne sal verdwyn (1 Korintiërs 1:10-17). Individue wat toelaat dat hul lampe in hierdie toestand verval, sal nie die bruilofsfees bywoon nie en sal nie hul roeping om eerste-vrugte in God se koninkryk te wees, vervul nie. Hierdie is 'n ernstige waarskuwing! In watter toestand is u lamp? Brand dit helder, of is dit besig om uit te gaan? Indien u nie seker is nie, vra ander mense wat hulle sien. Vra God om u die toestand van u lamp te wys en wees gereed om na Sy antwoord te luister.

Nie leen nie koop!

'n Besonder ontnugterende les van die gelykenis is dat, ongeag die hoeveelheid geloof, moed, karakter, oortuiging, gereedheid, goeie dade of graad van bekering wat u behaal het, dit *nie* uitgeleen, gedeel, gegee of van iemand anders geleen kan word nie! Hierdie is baie persoonlike eienskappe wat deel is van die geestelike huis wat elkeen van ons in samewerking met God bou (1 Korintiërs 3:5-17). Die Skrif onthul egter ook dat dit wat ons bou *deeglik getoets* gaan word. Indien dit die toets deurstaan, sal ons beloon word, maar indien dit die toets faal, sal ons die beloning verloor. Hoe ons dus bou en die soort materiaal waarmee ons bou, is baie belangrik. Ons moet *versigtig* bou en ons oortuigings *wyslik* kies!

In hierdie verband moet ons onself 'n paar baie persoonlike vrae afvra. Het ek die Waarheid ontdek en is my gedagtes ge-open om daardie waarheid te verstaan? Hierdie is 'n spesiale geleentheid wat *min* vandag gegun word (Mattheus 13:10-17; Johannes 6:44, 65). Het u 'n groot deel van u hart, gedagtes en energie, in hierdie “kosbare pêrel” wat u aangebied is, belê (Mattheus 13:44-46), of het u “ywerige ore” wat eerder na “nuwe waarhede” en fabels wil luister (2 Timotheus 4:3-4)? Het u dit wat u glo *noukeurig bewys*, of *volg u bloot u gevoelens* en luister na die jongste leerstelling of self-aangestelde profeet of leermeester wat u pad kruis (1 Thessalonicense 5:21)? Soek u eerste na die koninkryk van God, of is ander prioriteite belangriker in u lewe (Mattheus 6:33)? Streef u daarna om naby aan God te wees terwyl Hy gevind kan word, of stel u die mees belangrike besluite in die lewe uit tot later (Jesaja 55:6-9)? Sien u ywerig uit na en berei uself aktief voor op Christus se wederkoms, of hoop u vir meer tyd om die kortstondige plesiere van hierdie wêreld te geniet? Jesus sê dat ons skat, ons belegging van geld, tyd en energie, sal wees waar ons hart is (Mattheus 6:19-21). Ons mag andere dalk om die bos lei, maar ons kan God nie om die bos lei nie. Die gelykenis van die tien maagde maak dit duidelik dat ons nie op *'n ander Christen se rug* God se koninkryk kan ingaan nie. Ons moet self die belegging maak en die poging aanwend!

Gereed aldan nie?

Die laaste les van die gelykenis het te doen met ons gereedheidsvlak by Jesus se wederkoms. Diegene wat gereed is, sal genooi word om deel te hê in die bruilof. Diegene wat nie gereed is nie, sal *dit misloop*, hoewel hulle *gehoop* het om by die vieringe ingesluit te word! Hoe maak ons gereed vir Christus se wederkoms? Die Skrif sê dat die bruid ter gereedmaking vir die bruilofs-fees, “haar gereed maak” (Openbaring 19:7-9). Sy neem toe in haar begrip van die waarheid, leer om volgens elke woord van God te leef, bou sterk en vaste Christenkarakter, kom beproewinge te bowe, bly getrou en byt vas tot aan die einde. Sy is gereed

wanneer die bruidegom kom. Diegene wat hierdie voorbeeld volg, sal na die bruilofsfees genooi word en dan sal *die deur gesluit word*.

Andere wat uitsien na die wederkoms van Christus en begeer om die bruilof by te woon, maar onvoorbereid aangetref word, *is nie noodwendig bose mense nie*. Hulle mag eenvoudig besig wees met dít wat *hulle dink* reg is, insluitende “goeie dade” (Mattheus 7:21-23), maar *nie* doen wat Jesus Christus hulle *opdrag gegee het* om te doen nie! God beveel ons by-voorbeeld: “Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig” (Eksodus 20:8). Jesus en die apostels het die Sabbatdag onderhou (Lukas 4:16; Handeling 17:2), en dit sal in die koninkryk ook onderhou word (Jesaja 66:23). Mense word egter vandag vertel dat God dit sal aanvaar as ons enige dag as dag van aanbidding onderhou, maar dit is *nie* wat God ons in Sy woord vertel nie, en dit is *nie* die voorbeeld wat Jesus vir ons gestel het nie! Aan diegene wat daarop aandring om dinge op hul eie manier te doen, sê Jesus: “En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle

nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk” (Mattheus 7:23). Hulle sal nie genooi word na die bruilofsfees nie, omdat hulle nie gereed sal wees met die bruidegom se aankoms nie. Die deur na die bruilofsfees sal gesluit wees en hulle sal buite gelaat word, smekend om ingelaat te word! Die vraag wat elkeen van ons moet vra is: *waar sal ons wees* wanneer die deur gesluit word? Sal ons binnekant saam met Jesus Christus sit, of sal ons buite wees, *ontnugter* en *teleurgesteld* (Mattheus 24:51)?

Die gelykenis van die tien maagde bevat *noodsaaklike lesse* wat uiters toepaslik en spesifiek gemik is op diegene wat aan die einde van die tyd leef. God het hierdie waarskuwings vir ons voordeel geïnspireer, omdat Hy ons liefhet en wil hê dat ons onder Sy eerstevrugte moet wees in die komende koninkryk van God. Ons moet *ag slaan* op die waarskuwings en die lesse van hierdie belangrike gelykenis *leer*, sodat ons nie 'n ongelooflike beloning misloop nie!

WvM

Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie? Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Beproewinge en Toetse

SEWE LESSE UIT JOB

Deur John H. Ogwyn

Waar was u toe u van die tragiese gebeure van 11 September 2001 te hore gekom het? Ekself was onderweg na Abilene Texas, en het kort na my vertrek van die huis af die eerste berigte oor die motorradio gehoor. Soos die ure van my lang reis verbygegaan het, het ek my radio laat speel en die gruwel hoor ontvou. Terwyl ek die wolklose hemelruim oor die Wes-Texas landskap aanskou soos ek ry, tref dit my dat ons beslis in dié tyd is waarna Jesus in Mattheus 24 verwys as “die begin van smarte.”

In die maande en jare tussen die hede en die wederkoms van Christus, sal ons sonder twyfel van talle gruwelike dinge hoor en selfs persoonlik aanskou. Die probleme wat ons nasie en die ganse wêreld beïnvloed, sal nie net op ander mense en ander plekke betrekking hê nie. Elkeen van ons sal op 'n verskillende manier beïnvloed word. Die grootste tyd van swaarkry en druk wat daar nog ooit was, is aan die kom oor hierdie nasie en oor die res van die wêreld. Saam met die grootste geprofeteerde moeilikhede, het elkeen van ons verskeie probleme en beproewinge in ons eie lewens. Dit mag gesinsprobleme, werk- of finansiële probleme, asook gesondheidsprobleme insluit ons weet almal van die druk en spanning wat dit tot gevolg kan hê. Beproewinge en toetse is nie iets waarna enige van ons gretig uitsien nie, maar dit is egter dinge wat ons wel almal ervaar.

Ek het jare gelede 'n dame in die hospitaal besoek wat in 'n ernstige motorongeluk betrokke was. Sy het verskeie been-breuke opgedoen en het in traksie gelê. Dit het vir my gelyk asof katrolle en toue in alle rigtings geloop het. Soos ek langs haar bed gestaan en troos probeer bied het, het ek

die uitlating gemaak dat nie een van ons ons eie beproewinge kan kies nie. “Nee,” stem sy saam, “maar dit is wel ons keuse hoe ons op daardie beproewinge reageer. Hierdie beproewinge kan ons bitter maak of beter maak. Ek wil hê dat myne my beter maak.” Toe ek daardie hospitaalkamer verlaat, was dit met die gevoel dat ek daardie dag baie meer gelê het as wat ek onderrig het!

Waarom laat God toe dat beproewinge en toetse Sy mense tref? Is daar 'n spesifieke doel met die beproewinge en toetse wat ons ondervind? Is daar 'n korrekte en 'n verkeerde benadering van beproewinge?

In die Nuwe Testament is die Griekse terme wat as “versoeking,” “beproewing” en “toets” vertaal word, naverwant. Hulle word afgelei van die woord *peirazo*, wat beteken “om te toets,” “te probeer” of “op die proef te stel” en ook van die woord *peira* wat beteken “om te poog” of “deur ondervinding te weet.” Nog 'n woord, *dokime*, wat beteken “om iets se egtheid te beproef”, word ook gebruik. Laasgenoemde term word in 1 Petrus 1:7 gebruik waar die beproefdheid van ons geloof vergelyk word met die bepaling van die kwaliteit en suiwerheid van goud.

Die boek Jakobus sê vir ons dat die versoekinge (*peirasmos*, 1:2), 'n doel het. Dit is die proses waardeur die lydsaamheid [egtheid] van ons geloof bepaal word (*dokime*, vers 3). Die eienskap van standvastige karakter word regdeur hierdie proses ontwikkel!

Nie alleenlik word daar vir ons gesê om talle toetse deur hierdie lewe te ondergaan, soos alle mense inderdaad ook moet ondergaan nie, maar ons word ook 'n patroon gegee om te volg tydens

die hantering daarvan. Dit is swaar genoeg om 'n welvoeglike gesindheid te handhaaf wanneer ons deur beproewing gaan wat ons oor onself gebring het. Maar wat van dinge wat ooglopend onregverdig is? Menslik gesproke, vererg ons ons almal graag by die gedagte van onregverdigheid. Ons wil weerwraak neem en selfs “die skuld vereffen.”

Let op wat die apostel Petrus vir ons sê: “Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly. Want watter roem is daar as julle verdra wanneer julle sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly dit is genade by God. Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan volg; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel” (1 Petrus 2:19-23). Die Afrikaanse woord “voorbeeld” in vers 21, is afkomstig van die woord *upogrammos*, wat “'n geskrewe kopie” beteken. Dit is 'n term wat gebruik was vir 'n kind se afskrifboek. Deurdat die kind elke haal van elke letter wat sy leermeester gemaak het nageteken het, het hy geleer om sy leermeester se skrif na te boots. Christus moet ons patroon wees. Ons moet daarna poog om Sy benadering tot die lewe se swaarkry so na as moontlik te volg.

Behalwe Christus se persoonlike voorbeeld, sê dit in Jakobus 5:9-10 dat die profete 'n waardige voorbeeld stel wanneer dit by die hantering van beproewing kom. Die meeste van God se profete het gely weens hul getrouheid. Benewens die profete, word die Aardsvader Job in vers 11 genoem as 'n uitstaande voorbeeld van standvastige geloof in die wyse waarop hy erge beproewing hanteer het. Die boek Job is die verhaal van 'n gewone mens wat deur ongeluk en swaarkry omring was. Hierdie artikel sal sewe spesifieke lesse voorlê waardeur ons kan leer hoe om op beproewing te reageer, soos dit in die boek Job onthul word.

Les 1 God weet

Een van die oorweldigendste aspekte van 'n erge beproewing kan die gevoel van afsondering wees. Ons wil seker maak daarvan dat God weet, omdat Hy sekerlik iets daaraan sal doen wanneer Hy uitvind! In Job 1 word die agtergrondgebeure, waarvan Job totaal onbewus was, aan ons bekend gemaak.

God was egter deeglik bewus van Job en die heelhartige gehoorsaamheid waarna hy gestreef het. God Self vestig in der waarheid Satan se aandag op Job. Christus herinner Sy dissipels in Lukas 12:6-7 dat God, wie selfs nie eens 'n mossie vergeet nie, baie dieper geïnteresseerd is in die sake van Sy eie kinders. Die Vader is bewus van alles oor ons, tot in die fynste besonderhede. Selfs die hare van ons hoof is almal getel!

Wanneer ons deur persoon-like tragedie getref word of weens gehoorsaamheid vervolgd word, kan ons daarvan seker wees dat God dit weet. Dit is 'n noodsaaklike teenvoeter om in gedagte te hou om die gevoelens van afsondering en eensaamheid teë te werk wat ons gereeld op sulke tye tref. “Niemand verstaan wat ek deurmaak nie,” dink ons. Maar Jesus Christus verstaan! Ons het 'n getroue Hoëpriester wat in alle opsigte net soos ons versoek is en daarom by magte is om empatie met ons te hê en ons die nodige hulp kan gee (Hebreërs 4:15-16).

Hoewel Job nie eens kon begin verstaan waarom al hierdie dinge met hom gebeur het nie, het hy geweet dat God daarvan bewus was. Hy het nie soos Satan voorspel het, gereageer deur God in Sy aangesig te vervloek nie, maar eerder aan sy vrou gesê: “Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?” (Job 2:10).

Les 2 God beperk die beproewing

Die opsomming van die verhaal in hoofstukke 1 en 2 gee ons insig in werklike gesprekke tussen God en Satan! Wanneer ons die boek Job begin lees, vind ons dat, hoewel God toegelaat het dat Satan vir Job laat swaarkry, Hy grense gestel het waarby die duiwel nie kon verbygaan nie. Ons weet

uit die staanspoor dat daar beperkinge op Job se beproewing is en ons is bewus van wat daardie beperkinge is. Aanvanklik het God vir Satan daarvan weerhou om Job se gesondheid te skaad. Later laat Hy toe dat Job persoonlik getref word, maar dring daarop aan dat sy lewe gespaar moet bly. In al hierdie dinge het ons 'n voordeel bo Job. Ten tye van sy swaarkry, het Job geensins van die gesprek tussen God en Satan geweet nie. Hy het niks van enige beperkinge geweet wat God vooraf op sy beproewing gestel het nie.

Wanneer ons onself te midde van 'n groot teëspoed bevind, moet ons altyd in gedagte hou dat daar moontlik 'n soortgelyke “agtergrond” gesprek oor ons was. God het die beperkings van ons beproewing vasgestel, ons weet net nie wat daardie beperkinge is nie!

Wat ons as Christene ervaar is gewoonlik nie sommer toevallig nie. Die duiwel “bekruip” ons nie terwyl God se rug op ons gekeer is nie. God is betrokke by elke toets wat ons deurmaak en Hy het voorafgestelde beperkings bepaal waar Satan nie kan verbygaan nie. Nòg die duur nòg die intensiteit van die beproewing is onbepaald. Per slot van rekening, God is in beheer!

Les 3 Streef na groei, nie na regverdiging nie

Hierdie is waarskynlik een van die moeilikste lesse om in gedagte te hou. Job wou hê dat God hom moes regverdig in die oë van sy vriende. Mense het hom uitgelag en gespot (30:1, 9), en dit kan 'n bitter pil wees om te sluk. Wanneer Elíhu hom namens God in hoofstukke 32-37 begin antwoord, wys hy Job daarop dat sy fokus gedurende die grootste deel van die beproewing verkeerd was. In Job 33:12-22 verduidelik Elíhu dat God op verskeie maniere onderrig en kasty. God het Sy redes oor hoe Hy ons hanteer, en soms is dit bo ons menslike begrip.

Job was so seker van sy onskuld en die onregverdigheid van sy beproewing dat hy vir 'n lang tyd nie verby dit kon sien nie. Hy probeer homself teen die valse gevolgtrekkings van sy vriende verdedig en staar hom in die proses blind vir areas in sy eie lewe waar groei nodig is.

Weereens, God het redes waarom Hy toelaat wat ook al gebeur, al het ons dikwels nie 'n benul waarom nie. Jakobus moedig ons aan om God te vra vir wysheid gedurende beproewing en toets (Jakobus 1:5). Indien ons dit in geloof doen, sal Hy dit sekerlik aan ons gee. Wat ook al die beproewing of die toets is, kan groei altyd verkry word. Selfs Jesus Christus het geleer deur die dinge wat Hy verduur het (Hebreërs 5:8). God wil hê dat ons groei. Daarom moet ons periodiek gesnoei word om groei aan te wakker (Johannes 15:2).

Les 4 Die “waarom” blyk telkens ontwykend te wees

Menslik gesproke hou ons daarvan dat alles netjies inmekaar pas. Ons wil hê dat die wêreld en die gebeure daarin moet sin maak. Deur egter altyd 'n rede vir alles te probeer gee, mis ons soms die punt. Dit is hoe dit vir Job se vriende was.

Elífas is die eerste van Job se vriende wat praat. Hy verklaar: “Bedink tog, wie het ooit onskuldig omgekom, en waar is opregtes verdelg? Volgens ek gesien het: Die wat onreg ploeg en moeite saai, dié maai dit” (Job 4:7-8). Elífas, Bildad en Sofar, drie van Job se vriende, is dit almal eens dat die een of ander duistere geheim die oorsprong van Job se nuutgevonde probleme is. Hulle het “geweet” dat daar 'n *rede* moes wees. Dus karnuffel hulle arme Job om sy verdagte geheime sonde te bely.

Job het geweet dat daar nie 'n groot geheime skandaal in sy lewe was wat sy beproewing meegebring het nie. Hy het verdedigend in die aangesig van sy aanklaers gestaan, maar hy het ook gewonder “Waarom?” Een van die moeilike dinge vir ons om te aanvaar is dat talle van die lyding wat ons deurmaak, eenvoudig nie mooitjies geklas kan word nie. Die *waarom* kom dikwels kort. Slegte dinge gebeur nie net met slegte mense nie. Job erken dat die goddelose telkens oud word en voor-spoedig blyk te wees (21:7-13).

Daar is talle “waaroms” wat ons nooit in hierdie lewe sal weet nie. Die aanvaarding daarvan dat die “waarom” ontwykend blyk te wees, baan die weg na 'n vyfde les uit Job.

Les 5 Vertroue in die aangesig van foltering

Job was raadop. Sy hele lewe is omver gegooi. Hy het sy rykdom en geliefdes in 'n reeks van rampspoedigheid verloor. Nou is sy gesondheid ook daarmee heen. Waarom? Job was erg gefrustreer omdat hy nie sin uit sy beproewinge kon maak nie. Tog maak hy in die diepte van verbystering een van die diepsinnigste geloofsverklarings wat in die Bybel opgeteken staan: "Kyk, al wil Hy my ombring ek hoop op Hom" (13:15).

In Job 19 lees ons die woorde van foltering wat hy geuiter het. "weet dan dat Gód my onregverdig behandel het en met sy net my rondom ingesluit het Hy het my weg toegemuur, sodat ek nie verby kan nie; en oor my paaie het Hy duisternis gesprei My nabestaandes ontbreek, en my vertroues het my vergeet My asem is vir my vrou hinderlik, en my slegte reuk vir die kinders van my *moeder* se skoot" (verse 6, 8, 14, 17). Tog verklaar Job selfs in hierdie laagtepunt van foltering en verwarring sy innige vertroue in God. "Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan sal ek nogtans uit my vlees God aanskou; Hom wat ék sal aanskou" (verse 25-27).

Job verstaan die waarheid aangaande die opstanding. "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?" vra Job. Hy gaan voort om die goddelik geïnspireerde antwoord op te teken. "Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom" (14:14). Job het geweet dat God sou roep en dat hy sou antwoord en uit die graf te voorskyn sou kom, omdat God na die maaksel van Sy hande sou verlang (vers 15).

Dit is relatief maklik om God te volg wanneer dinge gaan soos ons dit graag wil hê. Wanneer die wêreld rondom ons sin maak, is dit relatief maklik om te glo dat God in beheer is. Maar wat daarvan as dinge in 'n omgekrapte en agterstevoor situasie ontaard? Dit is te midde van sulke verbystering en foltering dat geloof in God op sy nodigste is.

Een ding wat Satan nooit van Job verstaan het nie was sy motief. Satan het gedink dat Job God slegs dien omdat dit hier en nou tot sy voordeel was. Hy was oortuig daarvan dat, indien God sy

seëninge en beskerming sou wegneem, Job Hom sou vervloek en uitskel. Dit was egter nie die geval nie. Job het God liefgehad en Hom weens egte toewyding gedien. Selfs toe hy gevoel het dat hy in die steek gelaat is, het hy steeds op God vertrou. Hierdie les van standvastige vertroue is een van die belangrikste karakter-eienskappe wat ons deur enige beproewing mee kan baat vind.

Les 6 God sal uiteindelik beide goed en kwaad beloon.

Dit blyk soms dat die lewe onregverdig kan wees. Daar is diegene wat geen poging aanwend om God te dien nie en tog vooruitstrewend blyk te wees. Dan is daar ander mense wat werklik probeer, maar talle probleme en terugslae beleef. Wat ons in gedagte moet hou, is dat hierdie 'n tydelike lewe is.

Job merk op dat daar goddelose mense is, en: "Hul huise het vrede, sonder skrik; en die roede van God is op hulle nie. Sy stier bespring en mis nie; sy koei kalf en het geen misdrag nie" (21:9-10). Tog besef hy dat dit nie die einde van die storie is nie. Job sê in vers 30 van dieselfde hoofstuk: "dat die kwaaddoeners gespaar word op die dag van ondergang, dat hulle weggelei word op die dag van grimmigheid?" Selfs al blyk die lewe nie regverdig te wees nie, is God 'n God van geregtigheid.

Dit is uiteindelik tydens die opstanding dat God die regverdige sal beloon en die vrywillig-goddelose sal straf. Daar is egter tóg male sonder tal selfs gedurende hierdie lewe dat gebeure skielik 'n ander wending neem. Ter afsluiting onthul Job: "En die HERE het die einde van Job meer geseën as sy begin" (42:12). In die langeduur is daar seëninge vir gehoorsaamheid waarvan die beëring van die Koninkryk van God die grootste is en ook vervloekings vir ongehoorsaamheid.

Les 7 Ons kom uit ons beproewing wanneer ons leer wat God onderrig

Talle openbare skole bevorder leerlinge en laat hulle slaag ongeag van wat hulle werklik geleer het. By God werk dit nie só nie! Hy is die Groot

Leermeester wat ons voorberei op 'n rol in die Koninkryk en Hy dring daarop aan dat ons ons lesse behoorlik leer. Eers toe Job die lesse wat God hom wou leer onder die knie begin kry, het hy uit hierdie tydperk van erge beproewing begin kom.

God konsentreer op die eindprodukt. Hy wil hê dat ons soos Hy moet word! Job was 'n voorbeeldige man, maar hy het 'n gebrek gehad. Die Skrif sê Job se probleem was dat hy "in sy eie oë regverdig was" en "hy homself regverdig beskou het voor God" (32:1-2). Die uiteinde is dat Job met 'n veel dieper begrip van die Almagtige, sowel as van homself en sy eie menslike natuur, uit sy beproewing na vore gekom het. "Daarom herroep ek en het berou in stof en as," sê Job aan God (42:6).

'n Noodsaaklike les wat elkeen van ons moet leer ten einde God tevrede te stel en 'n beproewing te deurstaan, is dié van genade en vergifnis. Job se

vriende was powerere troosters. Ongeag van hul motiewe was hulle 'n groot deel van Job se beproewing. Let egter op die keerpunt toe Job uit sy teespoed begin opstaan. "en die HERE het die lot van Job verander **toe hy vir sy vriende gebid het...**" (vers 10).

Job het God werklik leer ken, nie slegs van Hom geweet nie. Hy het weens dít wat hy deur-gemaak het, 'n baie nederiger en meer lydsame man geword. Die feit dat hy hierdie lesse geleer het, was die sleutel daartoe dat hy uit die donker skadus van die lewe te voorskyn gekom het om weereens in die lig te wandel.

Ons beproewinge kan ons bitter maak, of hulle kan ons beter maak! Wat gaan u s'n vir u doen?

WvM

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en vermeld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligtinge aan u gestuur.